

# BUILT

September 2005 Jaargang 53, nr.3

**UFS deeply  
rooted in Africa**

**Hoofgebou  
gerestoureer**



Universiteit van die Vrystaat  
University of the Free State  
Yunivesithi Ya Freistata



Nuusystydskrif van die Universiteit van die Vrystaat  
News magazine of the University of the Free State



## Kovsies. As jy kop wat aangaan.

Moenie dat mense met jou kop smokkel wanneer dit by jou toekoms kom nie. Daar is net een kampus wat jou werklik vir die lewe kan toerus. Dis 'n kampus met ses fakulteite waar 'n mens oopkop kan studeer, en sportgeriewe wat kop en skouers bo die ander uittroon. Dis 'n veilige, geïntegreerde kampus waar jy jouself kan wees. En as jy rērig kop wat aangaan, sal jy weet Kovsies is die plek vir jou.

Kontak ons vandag nog en vind uit hoe jy met 'n kortkop voor die ander kan wegspring.

Universiteit van die **Vrystaat**  
**wees net jouself**



**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT  
UNIVERSITY OF THE FREE STATE  
YUNIVESITHI YA FREISTATA**

Posbus 339, Bloemfontein 9300 • Tel: (051) 401 3000  
E-pos: [info.stg@mail.uovs.ac.za](mailto:info.stg@mail.uovs.ac.za) • [www.uovs.ac.za](http://www.uovs.ac.za)

**Redakteur / Editor:****Leatitia Pienaar**

Tel: +27 51 401 9188

Faks / fax: +27 051 444 6393

Pienaarajl.stg@mail.uovs.ac.za

**UV-webblad / UFS Website:**[www.uovs.ac.za](http://www.uovs.ac.za)**Produksie / Production****Uitleg / Layout****Chrysalis Advertising and Publishing, Bloemfontein**

082 728 4860

armand@bfn.co.za

**Drukwerk / Printing****Beith Digital, Sandton**

*Bult*, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. *Bult* word onder oudstudente, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kovskye-vriende versprei. Artikels mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

*Bult*, news magazine of the University of the Free State, is published by the Department: Strategic Communications at the UFS. Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the Department or the UFS. *Bult* is sent to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kovskye friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

**Adresveranderinge / Address changes****Stuur besonderhede aan /**

Send details to: Dawid Kriel

Posbus / P O Box 2319

Bloemfontein 9300

Tel: +27 51 401 3409

Faks / fax: +27 51 444 6391

Dawid.stg@mail.uovs.ac.za

# BULT

## inhoud

September 2005 Jaargang 53 nr 3

**Nuus/News**

- 4 Dream of an African university is becoming a reality
- 6 She drills the Boks visually
- 8 'Rooivleis het plek in moderne dieet'
- 9 Plastics research very active at Qwaqwa
- 10 'Bullebakery in skole is almal se probleem'
- 12 Gert se passie begeester Spanjaarde
- 14 Planned for the way forward
- 16 Fees der feeste gehou

**Monitor**

- 18 Dropout rates remain a challenge for HE
- 19 Sesotho gets welcome injection
- 20 Taalaktivisme nodig om meertaligheid te verseker
- 22 Geskiedenis maak geskiedenis
- 23 Another milestone for transformation
- 25 Welcome boost for Qwaqwa Campus

**Our corporate friends**

- 26 An amazing day for an amazing cause
- 28 Cheetahs span saam vir kinders
- 29 Afrox continues to support

**Alumni**

- 30 Kovsies hou reünie in Londen
- 31 Alumni watched soccer match
- 32 Benoemings gesoek vir Kovsies-alumni se toekennings

**Rubriek/COLUMNS**

- 2 Herinneringe
- 21 Blou Willem
- 22 Heengegaan

**Voorbladfoto**

Hoofgebou tydens kunstefees. Foto Hannes Pieterse





Sedert ons vorige uitgawe het die Hoofgebou weer sy regmatige plek aan die hart van die Universiteit van die Vrystaat ingeneem.

Die intrekkery het saamgeval met die Volksblad-kunstefees en met die standbeeld van Pres. M.T. Steyn wat spesialia in die ampelike drag van 'n hoogleraar uitgevat was, kon mense nie anders as om weer aandag aan die pragtige Hoofgebou te gee nie.

Die binnekant van die Hoofgebou is onder die wakende oog van prof. Bannie Britz, vir lank die Departementshoof by Argitektuur, gerestoureer en tot 'n moderne hoofkantoor omskep sonder om aan die statigheid van die amper eeu-oue gebou afbreuk te doen.

- Ons kyk ook na die stroom buitelandse studente wat aan die UV studeer en dat die UV in 'n al hoe groter mate 'n tersiêre bestemming vir studente uit die kontinent word. Die stroom studente uit ander wêrelddele word ook al groter.
- Aansluitend hierby: Lees gerus die berig oor die ontwikkeling van Sesotho, waarby die UV ook ten nouste betrokke is.

heatin' Pema

### Skaakboek was 'n eerste

**Bevin Mienie van Ravensteynweg 27,  
Kampsbaai 8005, deel 'n paar  
interessante feite met Bult-lesers:**

Die eerste boek oor skaak in Afrikaans is deur 'n oudstudent van die UV saamgestel. Die skrywer was S. van Tonder. Dit is in 1953 onder die titel *Kom ons speel skaak. 'n Handleiding tot die spel van konings* uitgegee. S. van Tonder was 'n dosent aan die Fakulteit Regsgeleerdheid van UV.

**Jukskei by die UV in die veertigerjare:** Tussen 1941 tot ongeveer 1950 was jukskei een van die sportsoorte wat by die UV beoefen was. Aanvanklik was die jukskeiklub – in daardie jare was dit 'n jukskeilaer genoem – se naam A.N.S.-Voorstal maar in 1942 is die naam na Vierkleur verander. Die klub het sowel man

### Elizabeth soek oud-studente

**Elizabeth Retief, Posbus 1377, Faerie Glen 0043** skryf sy het wonderlike herinneringe van die Bult-kampus, hoewel sy nie hier studeer het nie. Haar pa, Francois Retief, was hier lektor en haar eerste blyplek as kind was in die kamervonings. Sy is besig met haar doktorsgraad oor die plante van die Vrystaat en wil graag kontak maak met oudstudente wat toere meegegemaak wat haar ouers na die destydse Suidwes-Afrika georganiseer het.

### Isak soek medestudente

**Mnr. Isak Swart van Posbus 4441,  
Pretoria 0001, skryf:**

So vlieg die tyd net te vinnig. Met heimwee dink ek aan die jare van aandstudent wees by die UV. Ek het daardie tyd nie 'n voortuig gehad nie en van die Gevangenis-diensterrein, waar ek gewoon het, tot by die universiteit geloop. Soms was ek gelukkig om deur 'n medestudent opgelaaai te word. Met die lopery was ek dikwels laat vir die klas. Tog sal ek nie die jare vergeet nie. Daar was 'n familiegees, al was dit baie moeilik om bedags te werk en saans te studeer.

Ek het van 1967 tot 1972 gestudeer en sal graag van oudstudente wat my nog onthou, wil hoor.

## So onthou ons

### Bib tower weer die herinneringe op

**Deur Dawid Kriel**

Die titel van die storie word gewoonlik gekoppel aan een of ander semi-romantiese gebeurtenis wat groot heimwee bring. Soos 'n terugflits uit jou kinderdeie of 'n spesiale plekkie waar jy 'n aangename tydjie saam met vroujie (of een van die dames voor vroujie) deurgebring het. Maar dit kan ook sonder enige vroulike betrekkenheid op 'n frisse herfsoggend in die middel van Kovsiekampus gebeur.

So besluit ek om vir skoonpa 'n paar boeke te gaan soek, want hy is in die hospitaal en sy leesstof raak min. Kan dan sommer ook toets of my twaalf jaar oue personeelkaart met die bib se meganika akkordeer en tydelik ontsnap van my inleeswerk op die databasis. Die eerste deel van die uitstappie verloop sonder voorval, buiten dat my tydsberekening sleg is. Teen die tyd dat ek ons nuwe studentesentrum bereik, is ek midde in 'n stroom studente wat heen en weer tussen die bib en die res van die plaas pendel. Ek beweeg saam met die stroom verby die verskeidenheid eetplekke toe die groot "memory lane"-oefening my tref. Die nuwe studentesentrum is dan huis waar die ou Scaena en die parkeer voor die Scaena was. Daar waar jy op laat oggende sonder blik of blos iemand vasgeparkeer het in die stille hoop dat jy by jou terugkeer 'n verskrikte eerstejaartjie eerder as 'n woedende eerstespan-speler sou raakloop. Of op reëndae die middelpunt van belangstelling was as jy die enigste een met "jumper cables" was.

Ek stap die (nog altyd) dof verligte bib in. My oë draai outomatiesregs asof ek na al die jare nog steeds verwag om Veer en Boyce in die swotgat te gewaar. Daar waar die Medics op Reactivan en slaappille geswot het en die res van ons op Bar-Ones en Coke. Maar die swotgat dra nou 'n hoogdrawende geborgde naam en die ruite is heeltemal verdonker. Seker om ons sondes en frustrasies van die verlede te verberg.

Die outomatiiese kaartleser laat my my kaart twee keer "swipe". Ek aanvaar gelate dat die eerste "swipe" nog te vol stof was. Ondanks vyf jaar se studie en darem Rek II sukkel ek steeds om die chronologie van die rakke te verstaan en dit duur 'n tydjie voor ek my hande op die beplande leesstof kan lê.

Tussenin skuur ek tussen die nou rakke (skouers) met een of twee jong dametjies wat gelukkig nie kan sien in watter eeu ek Rek II behaal het nie. Met die uitgaanslag sien ek die kwaai tannie met die wit hare van weleer nêrens nie, net twee baie vriendelike kollegas wat meer wil weet van veteraanmotors (skoonpa se boeke) en my so terloops inlig dat my kwota, danksy my lektorsvrouwtjie se inisiatiewe, na aan vol is.

Buite loop ek my Eeufeesvriend, Jan Ras, raak. Erg gesok dat ek my tussen soveel bronre van intellektuele aura kon begeef, wil hy terstond weet of ek besig is met een of ander vername projek.

Hy herstel merkbaar toe ek hom meeideel dat my akademiese oefening beperk is tot twee veteraanmotorboeke vir skoonpa. "So jy't eintlik nijs geleer nie?" is Jan kamma verbaas. "Nee ek het," seg ek, "ek het geleer my 'varsity memories' sal altyd hier rond wees."

## Eerste drie maande verstaan ek toe nik

**Johan Botha, 'n tagtig-plusser van Posbus 15285, Lynn East, Pretoria, het al 'n paar staaljies met ons gedeel, en hier is nog 'n paar:**

"In 1940 was daar 'n prof. dr. Hopwood wat vir ons klas gegee het in *English Literature* aan die hand van Chaucer. Ons moes self aantekeninge van sy lesings maak. "Hierdie man het so 'n spesiale Oxfordiaanse uitspraak gehad dat dit my, op mywoord van eer, drie maande gevat het om te hoor en te verstaan voordat ek my eerste sinnetjie kon neerskryf. Gevolglik het ek maar min gehad om vir my eerste toets te leer!"

"Ek was baie ingenome daarmee dat ek kon klas loop by die befaamde prof. D.F. Malherbe, maar ek is gou aarde toe geruk deur 'n afjak van hom. "Op pad na my eerste klas by hom, stap ek op die terrein by hom verby waar hy aan sy kromsteelpyp staan en in my skik, sê ek so in die verbygaan: 'Goeie môre, professor!' En die skokkende reaksie wat ek kry, is: 'Stil man! Kan jy nie sien ek staan en dink nie?' Die heilige ontsag wat ek van af die plaas vir die beroemde professor gehad het, het op die plek net nog heiliger geword."

## SENTRALE ADMINISTRATIEWE PERSONEEL VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE O.V.S. -1970



Nog 'n kosbare foto wat mnr. John Fourie aan die UV geskenk het. Van die bekendes is prof. Benedictus Kok (eerste ry), mnre. Arrie van der Bijl (derde ry) en Vernon Collett (vierde ry). Herken jy nog 'n paar bekendes?

# Dream of an is becoming

Judging by the sound of foreign surnames being called out at graduation ceremonies at the UFS, the ideal of becoming a truly African – and international – university is not so far-fetched.

In 2005 1 591 students from outside South Africa enrolled at the UFS, up from the 1 287 of 2004. They mainly come from Africa, with Lesotho students as the main contingent. But there is not a continent that does not have a student on the campus. African countries with students enrolled at the UFS are: Angola, Botswana, Cameroon, Congo, Eritrea, Ethiopia, Ghana, Kenya, Lesotho, Malawi, Mozambique, Namibia, Nigeria, Sudan, Swaziland, Tanzania, Uganda, Zambia and Zimbabwe.

From outside Africa students come from Australia, Austria, Bangladesh, Canada, China, Cuba, Cyprus, France, Germany, India, Indonesia, Ireland, Israel, Korea, the Netherlands, Pakistan, Peru, Romania, Sri Lanka, Sweden, Taiwan, United Kingdom, the United States and Yugoslavia.

More than 285 foreign students are busy with their master's degrees and about 60 are enrolled for Ph.D.s. Among the popular courses are those for educators and health professionals, while the general MBA is also drawing many students from Africa as far as Kenya.

Not only is the UFS becoming a popular destination for foreign students, but research is also becoming more focused on Africa's problems and challenges. At the recent graduation ceremonies students got Ph.D.s for research in, among others:

- an investigation into key aspects of the successful marketing of cowpeas in Senegal;

- the geological conditions and environmental impact of the Mohale Dam in the Lesotho Highlands Water Project;
  - the socio-economic complexities of smallholder resource-poor ruminant livestock production systems in Sub-Saharan Africa; and
  - Yeasts from Lesotho, their classification and possible applications.

In some of the master's studies attention was paid to New Partnership for Africa's Development (Nepad) and the challenges for globalisation; characterisation of the dolomite aquifer in the Copper belt province of Northern Zambia; uses and nutritional value of indigenous vegetables consumed as traditional foods in Lesotho and epidemiology of lentil rust in Ethiopia, with special reference to disease progress and yield loss assessment.

In his opening speech this year Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-chancellor, spelled out the UFS's ideals of:

- *becoming* a truly South African university of excellence, equity and innovation; and
- *becoming* a high quality, equitable, non-racial, nonsexist, multicultural, multilingual university and place of scholarship... for South Africa and Africa.”

The Rector outlined the concept of a university *in Africa, for Africa*. “... The issue is all about universities serving the needs of Africa and the aspirations of all

the people of this continent. I would argue that a constructive way to think about this is to be found in the *concept of an engaged university* – something I have been arguing for some time: that we must be an engaged (and critical) university. (Obviously this is related to our thinking about community service learning and research.)

"The engaged university bridges the gap between itself and the surrounding community. This happens in several areas of the 'scholarship of engagement'.

"This engaged university model can truly reconcile the idea of a university, which is perceived to be universal, with the specific demands of being African ... and involves championing 'Africanness' to the wider world while continuing to educate and develop scholars who are critical (and) analytical".

Pres. Thabo Mbeki also spelled out his dreams for the involvement of universities in Africa at a conference of the Association of African Universities in Cape Town. He said in an article in *Star*: "It remained the task of intellectuals and organisations... to offer solutions to Africa's problems, as well as make a contribution to the renaissance of an African continent that is united, peaceful, democratic, fully developed, prosperous, and a respected member of the world community of nations."

## Most students from

	2004	2005		2004	2005
Lesotho	817	1023	Kenya	41	38
Namibia	109	95	Nigeria	19	28
China	67	90	Swaziland	11	27
Botswana	62	67	Korea	11	24
Zimbabwe	24	47	Eritrea	45	22

# African university a reality



Prof. Charles Ngwena

In 2005 the UFS introduced a Masters of Law degree (LLM), specialising in Reproductive and Sexual Rights. The course is the first of its kind in South Africa presented by a tertiary institution and is presented in partnership with the Ford Foundation. Prof. Charles Ngwena, coordinator of the programme, says: "The programme focus mainly on grooming a group of committed lawyers from the African continent to play an important role in the realisation of reproductive and sexual rights at national and international level."



Mr Matthew Achilonu

He recommends the UFS to friends and family and many are now studying at the UFS, said Matthew Achilonu (43), a student from Nigeria who is doing his Ph.D. in synthetic organic chemistry. He hopes to complete his degree next year. Those who followed him are doing M.B.A.s and degrees in management and law. "The support of lecturers is very good, not only with regard to my course, but also in respect of other personal problems I may experience." He has a business in Lesotho and is a consultant for a water-bottling project in Lesotho.



Ms Olive Chisola

"It is a very good university," said an Irishman who was on the plane with her to South Africa and stayed in the same guesthouse on arrival in Bloemfontein. And that she can confirm. Olive Chisola (36) of Lusaka, Zambia, an accountant working for the Zambian Minister of Commerce, Trade and Industry, is on paid leave to do her B.Com. Accountancy at the UFS. She has a string of certificates and diplomas to her name. "I am marketing the UFS wherever I go and other students from Zambia will follow me to study at the UFS," she said.



1:70 000 000  
(45° N & S)

Bult  
5 100  
Macquarie I. (Aus)

# She drills the Boks visually

**S**he is there to help the Springbok rugby team to win the 2007 World Cup in France, says Dr Sherylle Calder, the woman we see in the background on the field wherever the Springboks are doing their training. She is there to make sure the players are keeping their eyes on the ball and that they make the right decisions to counter their opponents on the rugbyfield.

Dr Calder, visual performance and skills scientist, started as visual awareness and skills trainer for the team at the beginning of the year. And judging from the performance of the vast array of teams she has coached a win for the Springboks is definitely on the cards.

Dr Calder was born in Bloemfontein and did her first degree at the University of the Free State. She also became a Springbok hockey player while at the UFS.

Her doctoral thesis grew out of her interest in understanding methods and game concepts used internationally in field hockey, and the role visual skills play in the improvement of sporting performance. She developed visual skills training programmes to enhance the performance of players.

She is often quoted as one of the key factors in England's World Cup Rugby success, and had also a fair share in the Australian Cricket World Cup win. Among the long list of teams who acquired her input, are also the All Blacks, the South African cricket, netball, baseball and taekwondo teams, the NOCSA Olympic squads, the Italian PRADA America's Cup yachting team, the Pakistan, Holland, Canada and Namibia cricket teams and Spain's, England's and Belguim's hockey teams. She also does a lot of work in golf and various other sports. She will join an England soccer team in September 2005 before returning for the Springbok end-of-year tour.

She works on the players' visual fitness, how they use the muscles in their eyes and



Mr Jake White and Dr Sherylle Calder.

process the information in a split second to make the right decision on the field. Attention is given to coordination and peripheral awareness. Training is done in groups and individually, for which the team members each received a laptop computer

loaded with the visual skills training programmes. The application of the eye gym is not limited to sports. "Many children have learning problems because of the way they use their eyes. This can be improved through a training programme."

## Niks minder as vyf Shimlas in Bok-groep

Die UV het gespog met vyf huidige en voormalige Shimla-spelers in die Springbok-oefengroep wat in die middel van die jaar aan 'n oefenkamp op die kampus deelgeneem het. Van links is, voor: CJ van der Linde, Tonderai Chavanga en Guthrō Steenkamp; agter: dr. Sherylle Calder, 'n sportvisie-kundige van die span en ook 'n oud-Kovsie; Juan Smith, prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier van die UV, Gerrie Britz en dr. Derik Coetzee, kondisioneringsafrigter van die span en ook verbonde aan die UV se Departement Menslike Bewegingskunde.



## Historic Main Building restored to new glory

With the move of the Rectorate and several senior managers to the Main Building in July 2005, the Main Building reclaimed its status at the heart of the Bloemfontein campus of the University of the Free State.

The corner stone of this historic building was laid in 1907 and it was completed and taken into use in 1908.

The offices of the Rector, Vice-rectors, Chief Directors, Registrar: General (including Language Service and Meeting Administration), Registrar: Strategic Planning, Director: Physical Resources and Special Projects, Director: Diversity, the Planning Unit of the UFS and the Division: Strategic Communication are now located in the renovated building. With this move management was brought closer to the academic heart of the university. The Main Building is the second historical building to be upgraded and restored in the past year. In 2004 the rector opened the Centenary Complex which incorporated the old Reitz Hall. Both these buildings are now in full use by the UFS.

Ms Edma Pelzer, Director: Physical Resources and Special Projects, said it was a challenge to transform an almost century-old building to the headquarters of a modern university. Prof. Bannie Britz was the most suitable architect for the job. He also believed that management belongs in the Main Building and with his stature as architect and his experience he was the right person for the task.

According to Prof. Ora Joubert, previously head of the Architecture Department at the UFS and now Head of Architecture at the University of Pretoria, the Main Building compares well in the international arena. She visited the campus during the Volksblad Arts Festival and was very impressed with the renovations.



Judge Faan Hancke, Chairman of the UFS Council, and Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-chancellor, in the new Main Building.

# 'Rooivleis het plek in mode

*Die Suid-Afrikaanse verbruiker het jare lank net die negatiewe persepsies rondom rooivleis gehoor. Dit sal 'n geweldige aggressiewe en duur bemarkingsveldtog kos om die amperse stigma en negatiewe persepsies rondom rooivleis te verwryder. Al die bewyse is daar dat rooivleis 'n positiewe en noodsaklike rol in 'n gesonde lewenstyl kan speel - dr. Arno Hugo, Afdeling Voedselwetenskap, UV.*

In navorsing wat gedoen is om die verwantskap tussen dieet en chroniese Westerse siektes te bestudeer is vegetariese mense met vleisetende mense vergelyk. Dit is waar dat vegetariërs 'n laer voor-koms van hartsiektes het, maar dit is nie seker of dit die gevolg is van die afwesigheid van vleis in die dieet en of die baie hoe innname van groente.

Vegetariërs is ook oor die algemeen meer gesondheidsbewus. Dit is dus nie seker of dit vleis in die dieet van vleisetende mense is wat hulle meer vatbaar vir hartsiektes maak en of dit dalk die feit is dat baie van hulle rook en te min oefening doen nie.

**Kommer oor vet:** Daar word al hoe meer bewyse gevind dat 'n gesonde dieet, wat rooivleis insluit, 'n positiewe effek op bloedvette kan he. Bloedcholesterol word verhoog deur die insluiting van beesvet en nie deur maer beesvleis nie. Vet kan maklik afgesny word. Dit wil voorkom asof 'n wanbalans tussen omega 3- en omega 6-poli-onversadigde vetsure lei tot verhoogde cholesterolvlakte. Hierdie wanbalans kan redelik maklik reggestel word deur die innname van omega 3-vetsure te verhoog. Daar is ook meer bewyse dat dieetinnname van cholesterol nie noodwendig 'n groot invloed het op plasma-cholesterolvlakte nie. Oorerflukheid speel dalk 'n groter rol.

**Afname in vetinhoud van rooivleis:** Die internasionale vleisbedryf is baie dinamies en het onmiddellik gereageer op die vraag van die verbruiker na maerder vleis. Gevorderde telings en voedingstegnieke asook slaghuispraktyke is gebruik om die maervleisinhou van karkasse en snitte te verhoog. Hierdie aksie was so suksesvol dat verbruikers in Europa begin kla het dat varkvleis byvoorbeeld te droog is omdat dit te min vet bevat.

**Versadigde vetsuurinhoud:** Baie van die negatiewe persepsies rondom rooivleis gaan oor die versadigde-vetsuurinhoud. Dit is egter 'n fisiologiese feit dat met



Dr. Arno Hugo

afname in karkasvetheid die versadigdevetsuurinhoud van karkasse ook afneem. Dit is ook waar dat nie alle versadigde vetsure 'n cholesterolverhogende effek het nie. Die versadigde vetsuur-miristensuur met die sterkste cholesterol verhogende effek maak maar maksimum 3% van die vetsure in rooivleisspesies uit. Hierdie vetsuur het 'n vier keer sterker cholesterol verhogende effek as palmitiensuur wat die prominente vetsuur in vleisdierspesies is. Mens moet ook nie vergeet dat cholesterol-inname essensieel is en 'n belangrike rol speel in die vorming van hormone wat nodig is vir normale en gesonde lewe nie.

**Onversadigde vetsuurinhoud:** Die Mediterreense dieet word dikwels aan die verbruiker voorgehou as 'n gesonde eetprogram. Hierdie dieet is ryk aan mono-onversadigde vetsure. Olyfolie bevat byvoorbeeld ongeveer 75% mono-onversadigde vetsure. Die verbruiker weet egter nie dat die vet van rooivleisspesies ook ongeveer 40% mono-onversadigde vetsure bevat nie. Het u geweet dat 'n eetlepel

**T**radisioneel is vleis beskou as 'n voedsame hoëwaardevoedsel, noodsaklik vir optimale groei en ontwikkeling. Dit is ook geassosieer met goeie gesondheid en welvaart. Gevolglik het vleisinnname in Westerse gemeenskappe parallel met toename in welvaart toegeneem. Ongelukkig is hierdie gesonde beeld van rooivleis sedert die vroeë 1980's geleidelik geëroedeer. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die gewilde vethipotese wat baie klem gelê het op die die bydrae van rooivleis tot vet in die dieet. Die verbruiker is stelselmatig oortuig dat vleis 'n groot bron van versadigde vette is wat tot koronêre hartvatsiektes lei.

Die multifaktoriële aard van hartvatsiektes word nou algemeen aanvaar, maar die beeld van rooivleis is reeds ernstig geknou.

Dit is van die hoofredes waarom Suid-Afrika tans 'n per capita-verbruik van rooivleis van ongeveer 12 kg/jaar het in vergelyking met 19 kg/jaar in 1990 en 40 kg/jaar in 1960.

# rne dieet'

olyfolie meer versadigde vet bevat as 'n 100 g-porsie maar biefstuk? Bees, lam en varkkleis bevat nuttige hoeveelhede poli-onversadigde vette. In die geval van enkelmaagdiere, soos varke, kan 'n mens deur die voeding van die dier te manipuleer die hoeveelheid poli-onversadigde vette in die vleis verhoog.

Op dié manier kan jy die vetsure in die vark byvoorbeeld manipuleer dat dit ook ryk is aan omega 3-vetsure soos vis, wat as baie gesond beskou word.

Jy kan dan die situasie kry dat jy in dieoggend liever 'n repie spek eet in plaas van om 'n salmoliepil te sluk en dieselfde positiewe gesondheidseffek kry.

'n Opwindende onlangse ontdekking is dat die vleis van herkouers gekonjugeerde linoleïensuur (CLA) bevat. CLA het kankerwerende en antioksidant-eienskappe en word as 'n gewigsverlieshulpmiddel gebruik.

**Proteïen en mikrovoedingstowwe:** Die uitstekende voedingswaarde van rooivleis in terme van proteïen, essensiële aminosure, yster, sink, selenium, die B-vitamiene en vitamien D is algemeen bekend. 'n Interessante bevinding waarop ek afgekom het, is dat rooivleis ryk is aan die aminosuur tourien. Dit is 'n belangrike aminosuur vir pasgebore babas wat dit nie self kan sintetiseer nie en dit deur moedersmelk moet inkry. Sportmanne gebruik dit ook om uithouvermoë te verbeter.

**Vleis en kanker:** Vleisinname is al geassosieer met verskeie kankers, veral kolonkanker. Eksperimentele getuenis daarvoor staan egter op baie wankelrige bene. 'n Studie het getoon dat die vleisinname in die Suidelike Meditirrense lande (52-72 kg/persoon/jaar) baie hoër is as in Brittanje (46 kg/persoon/jaar) terwyl die voorkoms van kolonkanker baie hoër is in Brittanje, dus: daar is geen korrelasie tussen vleisinname en kolonkanker in hierdie geval gevind nie.

## Plastics research very active at Qwaqwa



Ms Dorine Dikobe mixing plastic and wood powder in a Brabender industrial melt-mixer.

chemical structure and subsequently the properties of the polymer (e.g. crosslinking of polyethylenes with organic peroxides to improve their toughness), blending of polymers to combine the best properties of two or more different polymers (e.g. blending wax with polyethylene to improve its processability without substantially changing its physical properties), mixing natural fibres with polymers to enhance the strength properties of the polymer (e.g. sisal mixed with polyethylene or polypropylene), and preparing nanocomposites where particles with sizes in the order of one-millionth of a millimeter are mixed with a polymer, enhancing the properties of the polymer in a remarkable way.

The group is well equipped with most of the basic equipment needed for this type of research, and it receives substantial financial support from the NRF, which also assisted in acquiring most of the equipment presently used for the research. Five staff members, four full-time masters and doctoral students, and three post-doctoral research fellows are involved in this research. Prof. Riaan Luyt, who developed this research at Qwaqwa, heads the group. Mrs Moipone Mokoena and Ms Seadimo Senokwane are both staff members busy with their Ph.D. research within this programme, while Ms Dorine Dikobe, also a lecturer, is almost finished with her M.Sc. in this programme. The group runs a variety of projects ranging from metal-filled polymers, polymer/wax blends, polymer-fibre composites, to nanocomposites.

Over the past six years the group was also privileged to have three postdoctoral research fellows working on different aspects of the programme. They were Dr Igor Krupa from Bratislava in the Slovak Republic, Dr Vladimir Djokovic from Belgrade in Yugoslavia, and Dr Henrich Krump, also from Bratislava in the Slovak Republic.

# 'Bullebakkerie in skole is almal se

*'n Program moet in werking gestel word om 'n omgeekultuur te skep, het prof. Corene de Wet, Departement Vergeelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur, Skool vir Opvoedkunde, in haar intreerede gesé.*



**B**ullebakkerie maak inbreuk op die kind se reg tot menswaardigheid, privaatheid, vryheid en sekuriteit. Bullebakkerie het 'n invloed op die slagoffer se fisiese, emosionele, sosiale en opvoedkundige welstand. Nie net dui die navorsing die omvang van bullebakkerie onder skoolkinders uit nie, maar onderwysers het ook erken dat hulle hul aan viktimisering van kinders skuldig maak.

Fisike gevolge van bullebakkerie sluit in hoofpyne, bednatmaak, verlies aan eetlus, swak liggaamshouding en maagprobleme.

Bullebakkerie kan tot emosionele probleme soos depressie, selfmoordneigings en selfmoord, gespannenheid, vrees, asook gevoelens wat geassosieer word met post-traumatische stres – verwardheid, angstig-

heid, woede en hartseer – by slagoffers lei. Sosiale gevolge van bullebakkerie is onder meer sosiale isolasie en eensaamheid, slagoffers het probleme om met ander kinders en volwassenes te meng, en is/word baie skaam. Opvoedkundige gevolge sluit in: slagoffers is baie afwesig, onttrek hulle van sosiale aktiwiteite by die skool, hulle is bang om vrae in die klas te vra, verlies aan konsentrasie, steek dit weg as hulle nie werk verstaan nie as gevolg van die vrees dat hulle gespot sal word en onderprestasie sodat hulle nie as té slim voorkom nie.

Die wanpersepsie dat bullebakkerie deel van die grootwordproses is, lei daar toe dat slagoffers onwillig is om hulle ouers en opvoeders te vertel dat hulle afgeknou word. Dit blyk ook dat slagoffers

weerwraak van die bullebak of selfs klasmaats, wat die onthulling as storieaandera ry sal sien, vrees. Indien die afknouery erg is of oor 'n lang tydperk plaasvind, is die slagoffers bang dat dit hulle ouers sal ontstel, veral as hulle dink dat hulle ouers nie in staat sal wees om die situasie te verander nie.

Kinders is soms onwillig om te erken dat hulle duur items of geld aan bullebakkerie gegee het. Ouers stel nie net akademiese nie, maar ook sosiale verwagtinge aan hulle kinders, gevvolglik is geviktimiseerde kinders, wat verworde en ongewild voel, onwillig om te erken dat hulle afgeknou word. Adolescente voel dikwels, in hulle strewe na groter onafhanklikheid, dat hulle in staat behoort te wees om die probleem self te hanteer.

Die kind-ouer-/leerder-opvoederverhouding gedurende adolescensie is dikwels gespanne en kommunikasikanale nie na wense nie. Bullebakkerie is soms so subtel dat dit moeilik is om dit te verwoord. Daar bestaan ook die siening by leerders dat opvoeders nie betrokke wil raak by bullebakkerie nie.

Dit het tot gevolg dat baie ouers en opvoeders onbewus is van die vlakte van bullebakkerie waaraan hulle kinders en/of leerders blootgestel word. Dit blyk egter uit my navorsing dat slegs 29,2% van Vrystaatse sekondêreskoolleerders nog nooit aan direkte en 32,15% aan indirekte verbale teistering blootgestel was nie. 'n Relatief groot persentasie van die leerders (32,45%) is al deur medeleerders te lyf gegaan; 11,21% van hulle is ten minste een keer per week deur medeleerders geslaan en/of geskop, gestamp en/of op 'n ander wyse fisiek seergemaak.

Die plek waar die Vrystaatse leerders besonder weerloos teenoor bullebakke staan, is taxi's met 29,64% wat die taxi's as óf baie onveilig óf redelik onveilig met betrekking tot bullebakkerie beskou.

Op die skoolterrein word leerders die meeste in die badkamers/toilette aan

# probleem'

Deur prof. Corene de Wet

bullebakery blootgestel. Daarteenoor voel leerders geborge in die klaskamers. Slegs 0,61% het aangetoon dat hulle "baie onveilig en bang" in hulle klaskamers voel; 59,55% het aangetoon dat hulle "baie veilig" daar voel.

Slegs 4,91% van die opvoeders en 16,22% van die leerders wat aan my ondersoek deelgeneem het, het aangetoon dat bullebakery "glad nie" 'n probleem by hulle onderskeie skole is nie.

Uit my ondersoek het dit ook gevlyk dat sommige opvoeders direk verantwoordelik gehou kan word vir die skending van kinderrechte. Terwyl seksuele wangedrag deur diegene in gesagsposisies nog altyd ten sterkste afgekeur is, is dit nie altyd die geval met ander vorme van verbale en fisiese bullebakery nie. Dit is dus kommerwekkend dat 55,83% van die opvoeders wat aan my navorsingsprojek deelgeneem het, aangedui het dat hulle al leerders verbaal geviktimiseer het; 50,31% van die respondentie het aangedui dat hulle leerders al te lyf gegaan het. 'n Klein persentasie van dié opvoeders, naamlik 6,13%, het genoem dat hulle ten minste een keer per maand skuldig was aan dade van seksuele teistering.

Om opvoeder- en leerderbullebakery teen te werk is 'n omvattende antibullebakprogram, kollektiewe verantwoordelikheid en die vestiging van 'n omgeekultuur by skole en in die gemeenskap noodsaaklik. Onderwysowerhede, wetstoepassers, onderwyseropleidingsinstellings, opvoeders, ouers en leerders – die slagoffer, die bullebak en die klas- en/of skoolmaats (stille meerderheid) – is die belangrikste rolspelers in die stryd teen bullebakery. Dié rolspelers moet betrek word om 'n bewustheid te skep oor die aard en omvang van bullebakery; portuurgroepverhoudinge te verbeter; tussenbeide te tree om intimidasie te voorkom; duidelike reëls te ontwikkel om bullebakery te voorkom; en (mede-)leerders en opvoeders te ondersteun en te beskerm.

## Accreditation puts Medical School in international league



Prof. Gert van Zyl

The School of Medicine at the UFS is one of the first academic complexes in South Africa to receive accreditation for its new 5-year curriculum, according to the Head of the School of Medicine, Faculty of Health Sciences, Prof Gert van Zyl.

He says the School of Medicine moved from a 6-year to a 5-year curriculum in 2000 and the official, compulsory accreditation by the Medical and Dental Professions Board gives the new curriculum the academic status it deserves.

"The national and international status of a medical programme is one of the most important issues that prospective students need to take note of and this status of the UFS school was confirmed again by the accreditation process," says Prof van Zyl.

For the accreditation process, a panel of experts looked at the academic content, quality, standards, structure, regulations, organisation

and management of specific programmes.

"The 5-year curriculum is an international trend that does not focus on departments or disciplines but rather at the integrated concept. This medical curriculum is also problem-based, creating an environment for lifelong learning."

"For us, the importance is that it gives us full accreditation, which means that our programme is recognised on national and international level as a medical programme with qualities and standards according to the board's requirements and excellent academic content, but it also gives acknowledgement to a team of staff members, lecturers and support staff that worked hard in establishing an excellent medical curriculum."

On the practical side, students will complete their medical studies a year earlier and will be available a year earlier in the labour market, will be able to earn a salary a year earlier and there will be one year less of class fees to be paid, says Prof. Van Zyl.

# Gert se passie

**D**it was in 1968 op die eerste Shimla-rugbytoer na Londen, tydens 'n besoek aan die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissariaat in Brittanie, dat hy besluit het *dit* is wat hy met sy lewe wil doen. Gert Grobler, Suid-Afrika se Ambassadeur in Spanje, is baie trots op sy Vrystaatse wortels en maak geen geheim van die rol wat die mense van die provinsie op sy loopbaan en hom as mens gehad het nie.

Hy het in Odendaalsrus grootgeword het, daarna sy honneurs in Geskiedenis aan die UV verwerf en was 'n paar maande Geskiedenis-onderwyser aan die St. Andrews-skool in Bloemfontein voordat hy hom by die Departement van Buitelandse Sake in Pretoria aangemeld het. Hierna was hy onder meer Vise-konsul in Duitsland, Konsul-generaal in die VSA en Hoofdirekteur van die Suider-Afrikaanse afvaardiging na Angola voordat hy in 1993 as Adjunk-hoëkommissaris in die Suid-Afrikaanse Ambassade in Brittanie aangestel is.

In Londen het Gert verskeie eerbewyse en toekennings ontvang vir sy sleutelrol in die diplomatieke vestiging van Suid-Afrika as nuwe demokrasie. Gert was van 1997 tot Februarie 2002 die Hoofdirekteur van Europese Sake in die Departement van Buitelandse Sake in Pretoria, waarna pres. Thabo Mbeki hom in 2002 as Ambassadeur in Spanje aangestel het.

Gert is nie net een van die UV se grootste uitvoerprodukte nie, hy speel ook 'n integrale rol in die uitbouing van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Een van sy vele inisiatiewe was ernstige samesprekings met die grootste Spaanse winkelgroep, El Corte Ingles. Dié energie het vroeër vanjaar vrugte afgewerp toe meer as 100 Suid-Afrikaanse produkte vir drie weke lank in sowat 45 El Corte Ingles-takke regoor Spanje uitgestal is. El Corte Ingles het die afgelope jaar goedere van sowat R70 miljoen in Suid-Afrika aangekoop.



Gert Grobler, Suid-Afrikaanse Ambassadeur in Spanje.

# begeester Spanjaarde

Deur Jeannette Boshoff-Jansen

Gert Grobler,  
Suid-Afrika se  
Ambassadeur in  
Spanje, is baie  
trots op sy  
Vrystaatse  
wortels.



Gert Grobler by me. Lindiwe Hendricks, Minister van Minerale en Energiesake, tydens die amptelike opening van die Suid-Afrikaanse uitstalling by die El Corte Ingles-winkelgroep in Spanje.

Nog 'n breinkind van Gert wat 'n reuse-sukses was, is die eerste 46664-konsert wat buite Suid-Afrika gehou is. Dié konsert wat in Mei vanjaar in Madrid plaasgevind het, het 34 000 Spanjaarde gelok en die aand se opbrengs van byna R3 miljoen is vir die Nelson Mandela-stigting ingebring.

Een van die projekte waaroor hy geweldige opgewonde is, is die Spaanse regering se betrokkenheid by die befondsing van spesiale projekte wat fokus op die menslikehulpbronontwikkeling, sowel as die transformasie van Suid-Afrika se toerismebedryf. Suid-Afrikaanse toergidse uit voorheen benadeelde gemeenskappe gaan opleiding ontvang en klein en mediumgroottemaatskappye gaan

Spaanse taalvaardigheidopleiding ontvang om hulle te help om optimaal baat te vind by die toename in Spaanse toeriste wat Suid-Afrika besoek, veral met die oog op die 2010-sokkerwêreldbeker.

Gert sonder die laaste tien jaar uit as die tydperk wat vir hom uitstaan in sy loopbaan. "Ek het reeds 22 jaar in die buitenland gewoon, maar my beroep was die afgelope 10 jaar vir my 'n ongelooflike plesier.

"Die wêreld is so ontvanklik vir alles wat Suid-Afrika het om te bied en so begeesterd met die ongelooflike hoogtes wat ons land op soveel gebiede bereik! Daar is geweldige uitdagings, maar ons het soveel wat in ons guns tel, ons sal dit te bowe kom."

Die een eienskap wat geen mens kan miskyk nie, is sy onuitblusbare passie vir Suid-Afrika. "Hoe langer ek in die buitenland is, hoe meer besef ek hoe 'n ongelooflike land ons het."


Grobler, wat vanaf 2000 vir drie jaar op die UV-raad gedien het, is baie positief oor die vooruitgang aan die UV. Hy voel dat die UV se sukses op akademiese, politieke en sakegebied gedeeltelik toegeskryf kan word aan sleutel-individue se toewyding aan en passie vir die provinsie, die stad en veral vir die universiteit.

Waarheen volgende? "Daar is wonderlike moontlikhede in die buitenland vir wanneer my termyn volgende jaar verstryk, maar ek sal mooi dink voordat ek dit aanvaar. My hart lê in Afrika."

# Planned for the way forward

The Chief Directorate Community Service at the UFS held a seminar with the theme *Community Service – the way forward* in May 2005. The purpose of the seminar was to evaluate the community service policy of the UFS, which was adopted by the UFS Council three years ago. The policy objectives will be revised in the light of

the renewed commitment of the UFS to continued transformation and the current regional and national priorities. Here are Dr Mabel Erasmus from the Chief Directorate Community Service and Mr Jabulani Katelo, chairperson of the Board of Trustees of the Mangaung-UFS Community Partnership Programme (MUCPP) .



## UFS sets the

The University of the Free State offers more service-learning courses than any other higher education institution in the country and has the biggest number of students enrolled for these service-learning courses.

This was the finding of a survey of higher education institutions conducted by the Joint Education Trust (JET) into service-learning courses. Mr Jo Lazarus, project manager of the Community-Higher Education Service-Partnership, which falls under the JET, presented the findings at a Community Service seminar earlier this year.

Service-learning courses seek to integrate service to the community into the academic core of higher education institutions.

The results of the survey indicate that the UFS is one of the few higher education institutions in South Africa that have made progress in integrating community engagement into the mainstream academy.

The survey found that 2 233 students at the UFS participated in service-learning courses supported by JET, while 858 students at UNITRA (Walter Sisulu University), 636 students at the University of the Western Cape (UWC) and only 600 students at WITS participated in service-learning courses.


In total there were 6 930 students participating in service-learning courses supported by the JET at 10 institutions throughout the country.

The survey also found that out of a total of 182 service-learning courses supported by JET countrywide, the UFS had the largest number of such courses at 42, followed by WITS with 28, the University of Limpopo (UNP) with 26, UWC with 24 and UNITRA with 22.

Nationally, most of the service-learning courses at higher education institutions are offered in the human sciences (62), followed by health sciences (37), education (26), agriculture (14) and economic sciences (11).

# trend for higher education institutions

By Tumi Tabane



Mr Jo Lazarus

## Students participating in service-learning courses

HEI	STUDENT LEVEL					TOTAL
	1st year	2nd year	3rd year	4th year	Masters	
CUT	25	8	109	10		152
PENTECH	175	140	60	61		436
RAU				542		542
UCT			120	259	101	480
UFS	864	432	256	449	232	2233
UND	186	128	158	61	23	556
UNITRA	241	144	322	151		858
UNP	10	54	319	45	9	437
UWC			51	567	18	636
WITS	76	187	204	93	40	600
TOTAL	1 577	1 093	1 599	2 238	423	6 930

According to leading academics, service-learning is a credit-bearing, educational experience in which students participate in an organised service activity that meets identified community needs and helps the student to gain a deeper understanding of course content and a sense of civic responsibility.

Reacting to the survey, Prof Frederick Fourie, Rector and Vice-chancellor of the UFS, said the university remains committed to the integration of service-learning into the academe. "Through service-learning modules the UFS can give expression to its role of service to the community as an institution of higher learning, producing quality graduates who understand the communities in which they will have to function for the rest of their lives."

